RAADSBELEID

ONDERWERP : LEWERING VAN **GRATIS** BASIESE ELEKTRISITEIT EN -WATER AAN GEREGISTREERDE HULPBEHOEWENDE VERBRUIKERS BINNE DIE RAAD SE REGSGEBIED

VERWYSING : 5.15.B

BESLUIT NR : 20/08/2005 DATUM : 29 Augustus 2005

BELEIDSOOGMERK : Om die subsidiëring van basiese dienslewering by hulpbehoewende verbruikers te reguleer.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Om as deel van die Raad se bydrae in armoede verligting, basiese dienslewering by hulpbehoewende huishoudings, te subsidieer.

RIGLYNE

1. Begunstigdes moet ingevolge die Raad se hulpbehoewende beleid as hulpbehoewend geregistreer wees.

2. **Gratis** elektrisiteit en water sal in die geval van konvensionele metering, met bedrae soos van tyd-tot-tyd deur die Raad bepaal, teen die betrokke verbruiker se diensterekening gekrediteer word.

3. In die geval van voorafbetaal metering sal elektrisiteit by wyse van die fisiese beskikbaarstelling van ‘n kaartjie wat die gebruik van ‘n sekere hoeveelheid **gratis** elektrisiteit, magtig, geskied. **Gratis** water sal by wyse van die programmering van die meter, om ‘n sekere hoeveelheid water gedurende elke maand beskikbaar te stel, geskied. Die bedrae en hoeveelhede sal in beide gevalle, met inagneming van Nasionale voorskrifte, van tyd-tot-tyd, deur die Raad bepaal word.

4. **Gratis** voorafbetaalkaartjies sal slegs aan kwalifiserende verbruikers wat sy/haar identiteit by wyse van ‘n identiteitsdokument/tydelike identiteitsdokument/ beëdigde verklaring, met geëndoseerde foto daaraan vasgeheg/deur die Wyksraadslid in persoon, kan bevestig, uitgereik word.

5. Gevalle waar ‘n gevolmagtigde die toelae trek, of waar dit vir die eienaar weens terminale siekte onmoontlik is om self die **gratis** voordeel af te haal, sal op meriete, in oorleg met die betrokke Wyksraadslid, oorweeg word.

6. Diegene wat om die een of ander rede nie op die sperdatum van sy of haar voordeel gebruik gemaak het nie, sal die voordeel vir die betrokke maand verbeur.

7. Die bedrag wat as subsidie per huishouding bewillig word, word van tyd-tot-tyd deur die Raad bepaal, maar mag op geen stadium die totale maandelikse heffing teen die rekening van ‘n spesifieke huishouding,vir dienste gelewer, oorskry nie, uitgesluit subsidies op water en elektrisiteit.

PROSEDURE

Die volgende stappe moet gevolg word om die beleid toe te pas:

1. Die Raad moet jaarliks tydens die opstel van die begroting, oor die voorsiening van fondse vir die subsidiëring van hulpbehoewende verbruikers se dienste, besluit.

2. Naam en adreslyste van hulpbehoewende verbruikers word op die laaste werkdag van elke maand by wyse van ‘n rekenaardrukstuk, tot beskikking van die Inkomste afdeling gestel.

3. Personeel van die Inkomste afdeling sal op die dae waar en wanneer pensioen aan die verskillende kategorieë pensioentrekkers uitbetaal word, **vanaf 08:30 tot 15:30** beskikbaar wees om **gratis** elektrisiteit in die vorm van voorafbetaal-kaartjies, uit te reik.

4. Nadat die proses van uitbetalings vir ‘n spesifieke maand afgehandel is, sal kwalifiserende verbruikers, wat om die een of ander rede nie in staat was om sy of haar **gratis** voordeel in ontvangs te neem nie, geleentheid hê om vir die **oorblywende gedeelte van die betrokke maand,** by die Munisipale Hoofkantoor die **gratis** kaartjie af te haal.

5. In daardie gebiede waar Eskom die voorsiener is, sal die Raad op ‘n maandelikse basis, lyste met name van kwalifiserende hulpbehoewende verbruikers aan die "*vendors*" in daardie gebiede voorsien en toesien dat daardie verbruikers hul **gratis** basiese elektrisiteit ontvang.

ROLLE

1. Raad.
2. Raadslede.
3. Die Subdirektoraat Finansies (Seksie Inkomste en Invordering).
4. Direktoraat Tegniese Dienste.

VERWANTE BELEID

1. Beleid insake hulpbehoewende verbruikers.
2. Beleid insake kredietbeheer en skuldinvordering.
3. Nasionale beleid insake **gratis** basiese elektrisiteit- en watervoorsiening.

HERROEPING EN WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.